higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 4

(3011034)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Verwyder die BYLAE (aangeheg) en handig dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

6. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n … is 'n wettige onafhanklike maatskappy met meer as 500 werknemers.

A Alleenhandelaar
B Beslote korporasie
C Privaat maatskappy
D Klein en medium-onderneming

1.1.2 ... is voorbeelde van skuldfinansiering.

A Persoonlike finansies
B Vriende en familie
C Aandele
D Oortrokke bankrekening

1.1.3 SOOO ('SETA') staan vir …

A Sake-onderwys-en-opleidingsowerheid
B Satelliet-onderrig-en-onderwysorganisasie
C Sektorale Onderwys-en-opleidingsowerheid
D Saamgestelde Onderwys-en-opleidingsorganisasie

1.1.4 ... is 'n ooreenkoms wat jou in staat stel om grond en geboue of toerusting vir 'n sekere tydperk van die eienaar te leen of te huur.

A Rente
B Verhuring
C Lening
D Huurkoop

1.1.5 Die uitgawes/koste wat aangegaan word met die stigting van 'n onderneming, en vir die reklame, promosie-aktiwiteite, opleiding van werknemers, ens., word … genoem.

A voorbedryfskoste
B vaste koste
C totale koste
D veranderlike koste

Kopiereg voorbehou

1.1.6 … is iets wat as sekuriteit gebied word vir die terugbetaling van 'n lening, wat in geval van wanbetaling verbeur word.

A Skuld
B Bates
C Aanvullende sekuriteit
D Eienaarsaandeel

1.1.7 … is die daad waarvolgens iets gedoen word wat anders is as die gewone of algemene gedrag.

A Afwyking
B Verantwoordelikheid
C Kontrak
D Risikoneming

1.1.8 … beskerm professionele advies en diens sodat individue en maatskappye nie die volle koste hoef te dra wanneer verdediging benodig word nie.

A Professionele beeld
B Professionele skadeloosstelling
C Professionele hulpbronne
D Professionele status

1.1.9 Die proses waarvolgens die beste of goedkoopste maatskappy gekies word om goedere te verskaf of 'n taak uit te voer deur verskeie maatskappye te vra om aanbiedinge te maak om die goedere te verskaf of die werk te doen, word … genoem.

A beperking
B mededinging
C aankope
D tender

1.1.10 Die … kostebepalingsmetode is die metode wat deur die meeste ondernemings gebruik word, en behels die lys en optel van alle koste.

A direkte
B marginale
C indirekte
D tradisionele

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



DIE SKOENMAKER

Jabulani Ngwene, 'n vakman wat met trots sy oupa se tradisie met die herstel van skoene voortsit, werk in 'n spesiale hoek in 'n nuwe ontwikkelende deel van Hillcrest, naby aan waar Jabulani se oupa sy skoenmakerswinkel meer as 60 jaar gelede oopgemaak het – 'n paar meter van sy huis af. Vandat hy vyf jaar oud was, het Jabulani sy oupa dopgehou en die ambag by hom geleer, wat hy nou vir sy eie kinders leer.

In elke hoek van sy klein winkel is die rakke vol afgeleefde skoene en stewels van elke grootte en beskrywing, wat wag vir Jabulani se spesiale aandag en vaardigheid om hulle nuwe lewe te gee.

'n Skoenmaker is een van die oudste professies en behels die herstel, vernuwing en verbetering van skoene, stewels, sandale, ens. Jabulani herstel ook gereeld ander items, soos ritssluiters, gordels, reistasse, handskoene, handsakke en ander leerprodukte.

[Aangepas uit: *Sunday Tribune KZN Business Report*, 27 Mei 2018, bladsy 4]

VRAAG 2

2.1 Identifiseer VIER produkte wat Jabulani herstel. (4)

2.2 Verduidelik DRIE faktore wat Jabulani in gedagte gehou het toe hy 'n geskikte ligging vir sy onderneming moes kies. (3 × 2) (6)

2.3 Gee VIER redes waarom Jabulani voortdurend sy onderneming moet bemark. (4 × 2) (8)

2.4 Definieer die volgende terme:

2.4.1 Kontantvloei

2.4.2 Wins

(2 × 2) (4)

2.5 Gee die volle woorde vir die volgende afkortings:

2.5.1 BTW

2.5.2 LBS

2.5.3 WVF

2.5.4 SIBW

(4 × 1) (4)

2.6 Verduidelik vir Jabulani die volgende belastingverantwoordelikhede:

2.6.1 BTW (2)

2.6.2 WVF (2)
[30]

VRAAG 3

3.1 Gee DRIE redes waarom Jabulani kontantvloeistate vir sy onderneming moet opstel. (3 × 2) (6)

3.2 Adviseer Jabulani oor hoe hy sy onderneming se winsdrempel kan bereken deur vir hom 'n formule te gee wat hy as 'n riglyn kan gebruik. (5)

3.3 Beskryf kortliks VIER faktore wat die terugbetaalbare bedrag van 'n lening beïnvloed. (4 × 2) (8)

3.4 Onderskei tussen:

3.4.1 *Kostebepaling*

3.4.2 *Prysbepaling*

(2 × 2) (4)

3.5 Beskryf VIER nadele van korttermyn-banklenings. (4 × 2) (8)

3.6 Noem VYF uitgawes wat deel van Jabulani se maandelikse bedryfskoste is. (5)
[36]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik VIER doelwitte van die gedragskode wat Jabulani in ag moet neem.

(4 × 2) (8)

4.2 Verduidelik die VIER implikasies wat 'n gedragskode en etiek vir 'n organisasie inhou. (4 × 2) (8)

4.3 'n Gedragskode is slegs geldig as dit op alle aktiwiteite van die onderneming toegepas word.

Watter DRIE besigheidsaktiwiteite moet deur 'n onderneming se gedragskode gedek en aan alle werknemers gekommunikeer word? (3 × 2) (6)

4.4 Verduidelik kortliks DRIE afwykings van die gedragskode en/of etiese kwessies wat met betrekking tot Jabulani se onderneming kan voorkom. (3 × 2) (6)
[28]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Jabulani se onderneming brei vinnig uit. Hy oorweeg dit om sy drie kinders in diens te stel wat die ambag by hom geleer het. Jabulani voel die kinders is gereed om te begin werk, want hy het goeie resultate gesien uit die praktiese take wat hy vir hulle gegee het.

5.1 Identifiseer VIER wette wat risikobestuur in die algemeen beheer waarvan Jabulani bewus moet wees in die bestuur van sy onderneming. (4)

5.2 Gee VIER voorbeelde waar die Wet op Arbeidsverhoudinge op Jabulani se sektor van toepassing is. (4 × 2) (8)

5.3 Een van die kinders wat Jabulani wil aanstel, is 15 jaar oud. Adviseer Jabulani oor hoe om hierdie risiko te bestuur. (4)

5.4 Noem VIER regsgedinge wat teen Jabulani aanhangig gemaak kan word as hy nie die wet nakom nie. (4 × 2) (8)

5.5 Beskryf kortliks DRIE maniere waarop die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 'n onderneming kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.6 Bespreek TWEE vereistes van die Wet op Werkloosheidsversekering (Wet 63 van 2001) wat alle ondernemings moet nakom. (2 × 2) (4)

[34]

VRAAG 6

6.1 Bespreek VIER eksterne faktore wat Jabulani in ag moet neem en wat 'n impak op die prysbepalingsbesluite van 'n onderneming het. (4 × 2) (8)

6.2 Identifiseer VIER beperkings wat Jabulani in ag moet neem en wat sy onderneming negatief kan beïnvloed. (4 × 2) (8)

6.3 Teken 'n winsdrempelgrafiek wat die volgende toon:

- Vaste koste
- Veranderlike koste
- Totale koste
- Verkoopsinkomste
- Wins
- Winsdrempel (6 × 2) (12)

6.4 Beskryf VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer nuwe verskaffers gesoek word met betrekking tot die bydrae wat hulle tot Jabulani se onderneming kan lewer. (4 × 2) (8)

6.5 Identifiseer VIER maniere wat Jabulani kan gebruik om verskaffers te soek. (4)

Kopiereg voorbehou

6.6 Gebruik die volgende inligting om die inkomste- en uitgawestaat vir Jabulani vir Januarie 2020 voor te berei. Gebruik die BYLAE (aangeheg) en vul die korrekte bedrag/bedrae in waar daar vraagtekens (?) is.

Verkope vir die maand		R40 000
Koste van verkope		R12 000
UITGAWES		
Salarisse		R10 000
Administrasiefooie		R3000
Bemarking en reklame		R1000
Versekering		R500
Huur		R750
Elektrisiteit		R500

(12)
[52]

TOTAAL AFDELING B: 180
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6.6

BYLAE

INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT VAN JABULANI VIR MAANDEINDE JANUARIE 2020		
VERKOPE		**?**
MINUS KOSTE VAN VERKOPE		**?**
BRUTO WINS		**?**
MINUS UITGAWES		**?**
SALARISSE	**?**	
ADMINISTRASIEFOOIE	**?**	
BEMARKING EN REKLAME	**?**	
VERSEKERING	**?**	
HUUR	**?**	
ELEKTRISITEIT	**?**	
NETTO WINS		**?**

[12]

VERWYDER HIERDIE BYLAE EN HANDIG DIT SAAM MET DIE ANTWOORDBOEK IN.

Kopiereg voorbehou